

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

MOTORBAKHERSTELWERK SG

OCTOBER / NOVEMBER 2005
OKTOBER / NOVEMBER 2005

TYD: 3 uur

PUNTE: 200

BENODIGDHEDE:

- Sakrekenaar
- Tekeninstrumente

INSTRUKSIES:

- Vraag 1 is VERPLIGTEND.
 - Beantwoord Vraag 1 en enige ander SES vrae.
-
-

VRAAG 1A

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs die **vraagnummers** (1.1 – 1.10) en die korrekte antwoord teenoor die toepaslike vraagnommer neer.

- | | | |
|------|---|-----|
| 1.1 | Daar word van 'n poeier gebruik gemaak met sweissoldeerwerk. | (1) |
| 1.2 | Die asetileensilinder het 'n linksom-skroefdraad. | (1) |
| 1.3 | Verdunner moet in die spuitroer gelos word na gebruik. | (1) |
| 1.4 | Die afstand wat die spuitroer van die oppervlak gehou moet word, is 400 mm. | (1) |
| 1.5 | 'n Verharder word by glasvesel gebruik. | (1) |
| 1.6 | Boute en moere word gewoonlik by konvensionele tipes onderstelle gebruik. | (1) |
| 1.7 | Koue krimpings word gedoen deur die metaal eers warm te maak en dit dan af te koel. | (1) |
| 1.8 | By gassnywerk moet die vlam wegbeweeg word vanaf die operateur af. | (1) |
| 1.9 | Toe-springing word gewoonlik gedoen met die wiele effens na binne. | (1) |
| 1.10 | Al die ou verf moet eers verwyder word voordat 'n paneel oorgespuut kan word. | (1) |

(10)

b.o.

VRAAG 1B

- 1.11 Wat is goeie huishouding? (5)
 - 1.12 Noem VYF veiligheidsmaatreëls in die werksplek. (5)
 - 1.13 Noem VYF veiligheidsmaatreëls by die gebruik van gassny-toerusting. (5)
 - 1.14 Noem VYF veiligheidsmaatreëls by die gebruik van draagbare elektriese toestelle. (5)
 - 1.15 Noem VYF veiligheidsmaatreëls wat nagekom moet word in die spuitlokaal. (5)
- (25)**

VRAAG 1C

- 1.16 Noem VIER gereedskapstukke wat by bakherstelwerk gebruik word. (4)
 - 1.17 Noem VIER gereedskapstukke wat by veselglaswerk gebruik word. (4)
 - 1.18 Wat word met **droë-spuut** bedoel? (3)
 - 1.19 Noem VIER voorsorgmaatreëls wat getref moet word voordat daar wielsporing gedoen kan word. (4)
- (15)**

[50]

VRAAG 2

Teken lynsketse van die volgende:

- 2.1 Positiewe wielvlug (5)
 - 2.2 Ackermanbeginsel (5)
 - 2.3 Uitsporing om draaie (5)
 - 2.4 Toe-sporing (5)
 - 2.5 Na-sporing (5)
- [25]**

VRAAG 3

'n Deur is vervang en moet oorgespuut word. Beskryf stapsgewys die prosedure wat gevolg moet word.

[25]

VRAAG 4

Die windskerm van 'n motor moet vervang word. Die stukkende windskerm is reeds verwyder. Beskryf stapsgewys hoe daar te werk gegaan moet word om die nuwe windskerm te installeer.

[25]

VRAAG 5

'n Motor was in 'n ligte ongeluk betrokke. Die enigste skade is 'n duik net onder die bagasiebakdeksel. Beskryf hoe daar te werk gegaan moet word om die skade te herstel.

[25]

VRAAG 6

Die deur van 'n sportsmotor met 'n glasveselbak het 'n diep krap opgedoen. Die krap is 200 mm lank en ongeveer 1 mm diep. Die krap is nie regdeur die bakwerk nie. Beskryf die regmaak en spuit van die paneel.

[25]

VRAAG 7

- 7.1 Waarom moet die battery van 'n motor ontkoppel word voordat boogswaiswerk aan die motor gedoen kan word? (2)
- 7.2 Noem TWEE metodes van meting by deuropeninge. (2)
- 7.3 Noem TWEE metodes van meting by 'n konvensionele onderstel wat herstel is. (2)
- 7.4 Waarom word sintetiese bakvuller bo baklood verkies? (2)
- 7.5 Waarom waggel voorwiele? (2)
- 7.6 Teken 'n eenvoudige skets om die neutrale vlam te illustreer na instelling van die oksii-asetileen-gassweispyp se vlam. (8)
- 7.7 Beskryf kortliks hoe warm krimpings gedoen word. (5)
- 7.8 Hoe verskil die sny-nossel en die sweis-nossel by die gassweis-stel? (2)

[25]

VRAAG 8

- 8.1 Wat is die doel van 'n verharder by veselglas? (5)
- 8.2 Waar word puntsweis-werk op 'n motor gedoen? (5)
- 8.3 Hoe word 'n duik van ongeveer 70 mm in deursnee uitgeklop? (5)
- 8.4 Wat veroorsaak 'n lemoenskil-voorkoms na spuiting? (5)
- 8.5 Waarom dop die helder, deursigtige deklaag soms van die basislaag af? (5)

[25]

TOTAAL: 200

EINDE